



## Worcester vier 200 jaar

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die Breedevallei-gemeenskap het vanjaar die 200ste bestaansjaar van die dorp Worcester in die Wes-Kaap met 'n weeklange fees gevier. Ds Hannelie Botha, beroepafwagtinge predikant van die Hervormde Kerk en redakteur van die NHSV se publikasie *Die Christelike Vrou*, werk voltyds in die Breedevallei Munisipaliteit se Kommunikasie-afdeling, en was in dié hoedanigheid nou betrokke by die vieringe.**

Ons het ons tweede 100 jaar as omgeedorp behoorlik gevier. Dit was 'n vol program met iets vir almal. Hoogtepunte sluit in 'n gala-geleentheid waar Worcesteriete en oud-Worcesteriete vir hul bydraes tot die bevordering van die dorp se beeld vereer is. Nege persone is vereer met die toekenning Vryheid van die Dorp, en drie met Burgemeestersmedaljes. Onder eersgenoemde groep tel proff JM Coetzee (een van slegs twee Suid-Afrikane wat die Nobelprys vir letterkunde ontvang het) en Raymond Parsons (ekonoom), wat albei internasionale roem verwerf het.

Daar was kultuuraktiwiteite, 'n musiekfees met groot name wat die voete behoorlik laat jeuk het, programme vir mense met groen vingers, buiteligaktiwiteite soos fietsry en gholf vir die avontuurlustiges, en 'n groot eetgeleentheid waar die dorp se koskultuur beproef kon word. Daar was ook geleentheid vir debatvoering waar deelnemers hul visie vir Worcester in die toekoms kon beredeneer, en vele meer aktiwiteite vir oud en jonk soos in die feesprogram gereflekteer is.

Worcester se Gedenktuin op Kerkplein was 'n fokuspunt. Die ou kanon wat vroeër jare deel van die Kaapse seinposstelsel was en 'n rusplek in die tuin gevind het, het ook weer sy stem laat hoor. Die fees is op Sondag 1 Maart gepas met 'n dankseggings-, lof- en aanbiddingsdiens afgesluit.

Dit spreek nogal boekdele dat ook geloof by hierdie feesvieringe ingesluit is. Nie net die Christelike geloof is tydens hierdie geleentheid "gevier" nie, maar dit maak weliswaar 'n beduidende deel daarvan uit. Sondag se program het onder andere 'n Gospel-musiekkonsert ingesluit. Die dankseggings-, lof- en aanbiddingsdiens is onder leiding van een van die NG predikante in die dorp aangebied.

Daar was skynbaar nie spesifieke feesvieringe uit individuele kerkgeledere nie, maar een van die oudste stukkie grafika wat ek hierdie week gebruik het, is 'n skets van Kerkplein (elke dorp het mos 'n kerkplein!) met die NG kerkgebou baie prominent.

Wat die Hervormde Kerk se pad in Worcester betref, strek ons jong geskiedenis terug tot in 1958 toe Worcester 'n wyk geword het van Swellendam. Die gemeente is vir baie jare so bedien. In 1986/7 is Worcester oorgedra na Stellenbosch om die bearbeiding te behartig. Later is 'n kombinasie gevorm met Paarl, en tans staan die gemeente in kombinasie met Stellenbosch.

Onder leiding van dr (later prof) Johan Buitendag is besluit om 'n kerkgebou in Worcester op te rig. Die gemeente het toestemming ontvang om ondersteuning te vra by ander gemeentes. 'n Wonderlike bedrag van R106 013,06 is van individue en gemeentes ontvang. Dit is tot vandag toe 'n voorbeeld van Christelike mededeelsaamheid en 'n bron van nederige dankbaarheid vir die gemeente. Op 28 April 1997 lê dr Buitendag die hoeksteen met die inskripsie uit Psalm 31: 16 – *My tye is in u hand*.

Verskeie predikante het die lidmate in Worcester bedien. Dr Piet van Staden is op 6 Junie 2010 bevestig as deeltydse predikant van Gemeente Worcester, waar hy tans nog die bediening behartig.

Te midde van die dikwels neerdrukkende omstandighede in ons land, moet ons getuig dat ons die Here se seën ervaar, en dat ons met positiewe verwagting uitsien na die toekoms.

**Ds Hannelie Botha**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 13 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 5 Maart: Ds JPC (Jasper) van der Westhuizen (Randfontein Midpark/Westonaria)
- Vrydag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delport (Erasmia) en WM (Elmien) Shaw (Swartkop)
- Saterdag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (beroepafwagend)
- Maandag 9 Maart: Di JJH (Koos) Engelbrecht (emeritus) en LJ (Louw) van der Linde (Evander)
- Dinsdag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (Wapadrant)
- Donderdag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (Bloemfontein)
- Vrydag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (Wonderboom) en RJ (Rudi) Rust (Vanderbijlpark-Oos)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Madagaskar:** Vra voorbidding om die baie struikelblokke te oorkom. Bid veral vir ondersteuning deur die plaaslike kerke.
- **Mauritius :** Dank die Here vir die Bybelwerk op hierdie eiland.
- **Seychelle:** Bid asseblief vir donateurs om hul projekte te ondersteun.

## Gemeentes en bediening

- **Ds CJ (CJ) van Wyk** (beroepafwagend) het 'n beroep ontvang na Newlands in Johannesburg. Hy het die beroep aanvaar en word Sondag 8 Maart daar bevestig.
- Die NHKA beskik oor 'n **vakature** vir 'n **professionele assistent** by die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) op UP se kampus**.

### Vereistes

- Nasionale sekretariële diploma.
- Ten volle rekenaarvaardig in Microsoft Office, Adobe, PeopleSoft, internet.
- Uitsonderlike kommunikasie in Afrikaans en Engels.
- Funksionele kennis van finansiële prosesse en stelsels.
- Funksionele kennis van administratiewe prosesse en stelsels.
- Funksionele kennis van sosiale media.
- Geldige rybewys.
- Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.

Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Die beoogde datum van aanstelling is 1 Mei 2020. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 April 2020.**

Indien u aan bogenoemde voldoen, stiptelik en pligsgetrou is, oor goeie organisatoriese vaardighede beskik en goeie persoonlike verhoudings handhaaf, kan u aansoek doen deur u volledige CV te e-pos aan mev Susan Moore by [mannekrag@nhk.co.za](mailto:mannekrag@nhk.co.za) (tel 012 322 8885).

## Vergaderings

- Donderdag 5 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 Maart: Kommissie van die AKV
- Donderdag 12 Maart: Rata Finkom  
Ons Tuis Direksie
- Dinsdag 17 Maart: Kuratorium

## Kerklike publikasies



### 'n Gedig

Dit is die Prediker wat ons wou leer  
daar is 'n tyd vir alles, 'n tyd vir verlore  
gaan en 'n tyd om te soek

Vandag weet ons egter daar is tyd  
vir niks, alles string aaneen: met geboorte  
begin ons al sterf en sterwend  
gee ons geboorte

Reeds is verlies deel van soek  
die hand wat doodmaak  
een en dieselfde as dié wat liefkoos  
en wanneer ons vertrek, het ons reeds  
gearriveer  
dit is wat Yehuda Amichai ons leer  
wat ons verloor, is wat ons begeer  
en wat ons vind, is wat vergete is  
en wat vergeet word, is wat ons liefhet  
en só is die lewe weinig meer  
as 'n verbleikblom

en tyd 'n kwessie van teenstelling  
in wilde skakerings van wit na pers, alles  
aan een plant, gewortel  
in dieselfde grond, tuimelende grond  
wat as aarde

sirkels maak deur die ruimte  
van selfbelang, en ons gee dit 'n naam –  
liefde noem ons dit, en val mekaar  
ekstasies aan

dit is hoe die tyd ons leer

**Louis Esterhuizen**  
(Uit: *Liefland*, 2004)

# Waterwyser Johan Barnard Pr.Ing.

Geologies en geofisies  
Jare ondervinding in vier Afrikalande



082 967 4627 – [waterwys2@gmail.com](mailto:waterwys2@gmail.com)

## Barmhartigheid



- **Wêreldbiddag vir Vroue 2020.** Op **6 Maart** word die Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika gehou. Dié Biddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders wat elke eerste Vrydag in Maart saam 'n gebedsketting in meer as 170 lande vorm. Dit strek oor grense en bind mense uit verskillende rasse, kulture en kerke tot groter onderlinge begrip en toewyding. Die tema word elke jaar deur vroue van verskillende lande gekies. Die tema vir 2020, ***Staan op! Neem jou bed op en loop***, is gekies deur **die vroue van Zimbabwe**. Kom ons as vroue neem die inisiatief om op 6 Maart by die werk, skool of in ons gemeente tyd af te staan om saam met vroue van oor die wêreld te verenig in gebed.
- **Beeld-Kinderfonds: Prestige Gholfdag**  
**Dinsdag 21 April by Steyn City**  
Gholfbaan ontwerp deur Jack Nicklaus  
Veld is beperk tot 20 vierballe  
Geleentheid om putjies te borg  
Navrae en besprekings by Adrie van Staden  
076 597 1282 / [info@beeldkinderfonds.co.za](mailto:info@beeldkinderfonds.co.za)
- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakke bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

## Toerusting

- **Jeugbediening (inklusiewe verhoudingsbenadering) by UP**  
**2020: 23-26 Maart; 22-25 Junie; 14-17 September**  
**2021: 25-29 Januarie; 15-19 Maart**  
**Skripsie: April 2021**  
Kursusleier: Prof Malan Nel  
Koste: R7 200 vir vyf intensiewe kontaksessies  
Plek: Westview Metodistekerk, Centurion  
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)
- **Brugbedieningskursus by UP**  
**Week 1: 27-30 Julie**  
**Week 2: 9-12 November**  
Kursusleier: Prof Malan Nel  
Koste: R2 500 (BTW ingesluit)  
Plek: UP  
Kursuspunte: 70  
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Waterval Boven hou Saterdag 7 Maart hul jaarlikse karp- hengelkompetisie** by Milly's se dam, naby Machadodorp. Inskrywingsgeld is R250 per persoon en die eerste prys is R5 000 vir die swaarste karp. Kontakpersoon: Anita Booysse 072 590 1052.
- **Gemeente Eendracht: Skaapkopoggend**  
**Saterdag 18 April vanaf 10:00**  
120 skaapkoppe beskikbaar teen R400 per kop  
Sluit in snybord en sakmes  
80 gewone ontbyte teen R100 elk  
Kontantkroeg beskikbaar  
Gaskunstenaar  
Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754  
Belinda 076 626 7571
- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**  
**Saterdag 23 Mei**  
Gesinspretdag en windbukskompetisie  
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk  
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem  
Wenner word aangekondig op dié dag
- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**  
**Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000**  
Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies  
Maak wins van 75% of 50%  
Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie  
1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid  
Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag  
18 Augustus by Silver Lakes  
**Meer inligting:** Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / [gsdebeer@gmail.com](mailto:gsdebeer@gmail.com))  
Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / [andries@rata.org.za](mailto:andries@rata.org.za))  
Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius





## Basaars

- **Gemeente Bronkhorstspuit: Basaar**

**Saterdag 7 Maart vanaf 07:30**

Heerlike eetgoed en vermaak

Vleis, kerrie-en-rys, vetkoek, hamburgers, pap-en-kaiings, *jaffles*, *chipsticks*

Koektafel, pannekoek, nagereg en meer

Kinders: Speelgoed, verfhoeke, koekie-hoeke, spookasem, waterwurm, boeresport, kettieskiet, ringgooi, ballonpop, seerower-skattejag en meer

Naweek vir 4 persone by Manzi Maningi te wen

Kom geniet die dag saam met ons!

Navrae: [nhbhs@nhk.co.za](mailto:nhbhs@nhk.co.za)

### Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za).

### Gebed vir die week

Here, vergeef my my sondes  
soos ek diegene vergeef wat my seer gemaak het.  
Lei my op my reis  
om deur hierdie Lydenstyd voortdurend nader aan U te leef.  
Lei my deur die proses van vergifnis,  
deur die seer na heelwording  
sodat ek werklik goedgesind kan wees  
teenoor die mense wat my seergemaak het.  
Help my om soos Aäron en Moses in gehoorsaamheid aan U  
'n seëning vir die mense rondom my te wees.  
In Jesus se Naam,  
Amen.

**Ds André Harmzen**  
**SA Gemeente in die VK**